DEEL 114 | WEEK 49 | 9 DESEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Laat jou kersliggies skyn!



Desember is 'n tyd van deernis. 'n Tyd van gee en ontvang. Waar familie en vriende bymekaarkom en liefde aan jou mede mense toon. Die AGS-Kerk se jeug het Vrydagaand gewys hoe hulle liefde en omgee in Heilbron versprei.

Op 2 Desember het Kersvader en Kersmoeder hul slee en takbokke verruil vir 'n regte plattelandse rit deur die dorp met 'n trekker en sleepwa. *Elfies* het saamgery en gesorg vir 'n feestelike atmosfeer deur kersliedere te sing in die strate van die dorp. Lekkergoedpakkies is aan kind en kraai uitgedeel wat gretig langs die pad gewag het om Kersvader se gesig te kon aanskou. Die jeug het verseker dat niemand op die feestelike aand uitmis nie en het eerste by Huis-Bron-van-Heil besoek gaan aflê. Orals het klein *elfies* geskater en lekkergoed, koekies en sap aan die inwoners geskenk.

Die waardering vir die geskenkies het gestraal op elkeen se gesig. Daarna het Kersvader die res van die dorp gaan bederf. Meer as 500 lekkergoedpakkies is tydens die rit uitgedeel. Hierdie pakkies is deur verskeie barmhartige Samaritane geskenk. Die AGS se jeug noem dat hulle beplan om hierdie jolyt 'n jaarlikse instelling te maak. "Dit was vir die jongmense die lekkerste om die pakkies uit te deel," vertel Rona Serfontein. "Elke glimlag maak alles die moeite werd."

Op Kersdag sal daar 'n gesamentlike erediens vanuit die NGK-Suidgemeente gehou word. Ds. Tommy van Vuuren sal die diens lei en pastoor Derick de Lange sal die lofsang hanteer. Alle Heilbronners en besoekers is hartlik welkom om die diens by te woon.

HOME & HECTARE
EIENDOMME
Tuis met Vertroue
Andries Radley
JOU EIENDOM SPESIALIS
andries.radley@homeandhectare.com
079 493 1144
WWW.HOMEANDHECTARE.COM

WORD DEEL VAN DIE
Wilgie Wenners
Ons akademiese-, kultuur- en sportprestasies spreek vanself, met skool-, sport- en koshuisfasiliteite van die hoogste gehalte.
Hier word elke leerling se potensiaal ontgin en gee ons vlerke vir hul drome!
Landbou Akademie open in 2023!
058 813 1010
WILGESKOOL@LANTIC.NET

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451
BKB
www.bkb.co.za

Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# *Uit die pen:* Week 49 van 2022



Ons trek die begin van Maart 2017 na Pretoria. Ek het nie werk nie. Teen alle beginsels het ek in die Vrystaat bedank en gebid vir nuwe werk. Maar asseblief, Here, ek wil net nooit weer skoolhou nie. Ek was in 2012 laas in ’n klaskamer en toe word ek mos soos een van die Travelling Wilburys: kantoor toe, na ’n skool toe, ’n werkswinkel, Bloemfontein vir groot vergaderings, kantoor toe, na ’n skool toe, nog ’n skool en weer ’n skool, werkswinkel toe. En so kan ek aangaan.

’n Paar dae nadat ek die kultuurskok gekry het (klein dorpie sonder verkeersligte na die grote stad met duisende karre), gaan deel ek ’n paar CV’s by skole uit. Ek kan nie onthou dat ek by hierdie spesifieke skool was nie, maar teen die einde van Maart in daardie jaar word ek genooi vir ’n onderhoud. Ek kry die pos. Al wou ek nooit weer skoolhou nie.

Tot groot vreugde van my skoonma.

Sien: skoonpa was in die Engelse Seunskool, skoonma en skoonsuster in die Afrikaanse Meisieskool, goeie man in die Afrikaanse Seunskool. En jou waarlik! Nou heul ek met die vyand, want ek gaan werk by die Engelse Meisieskool.

Daar was konstante kompetisie: Die Afrikaanse Meisieskool maak sus en “julle skool” maak so. Die Afrikaanse Meisieskool se dit is beter as “julle skool” se dat.

Synde dit my eerste ondervinding is met enige skool in Pretoria, kon ek glad nie die vyandigheid verstaan nie. Dit het bloot net nie sin gemaak nie.

Ek herinner my ’n tyd toe ek nog in die Oos-Vrystaat skoolgehou het. Daar was twee baie goeie skole in dieselfde dorp. Kom ons noem een skool A en die ander skool B, to protect the innocent.

Hulle het konstante kompetisie gehad. Wie die beste rugbyspan het, netballiga gewen het, die beste tennisspan, wie die eerste onderdakswembad gekry het, die beste skoolgronde en koshuisfasiliteite, akademiese prestasies. Noem ’n kategorie, daar was kompetisie.

Een jaar laat druk skool A bufferplakkers vir die kinders en hulle ouers: “Ons skool is A!” Waarop die ander skool reageer met min of meer dieselfde bufferplakker: “Ons skool is nie A nie.” Die het vir groot pret gesorg.

Dit was dieselfde hier.

Ek vertel dat ons skoolsaal ’n pyporrel het. “Ja, maar die Afrikaanse Seunskool se orrel is groter.”

Ons skoolsaal is te klein om almal te akkommodeer vir die kooruitvoering. “Ja, maar die Engelse Seunskool se saal is groter.”

Die grafiese ontwerper besluit om die stokou skoolwapen effens te verander. “Nee, nee, nee, Afrikaanse Meisieskool se skoolwapen mag nooit verander word nie.” Dit klink amper vir my asof dit ’n heilige ikoon is.

Dalk verstaan ek dit maar net nie, omdat ek nie uit so ’n skoolomgewing kom nie. Dalk was dit normaal, ek weet nie.

Daar was ’n groot geldinsamelingsveldtog by die Afrikaanse Meisieskool om die swembad te vergroot tot ’n FINA grootte (50 m x 25 m x 2 m). Ek kan nou nie onthou of daar ’n bestaande swembad was nie, en of daar ’n nuwe ene gebou moes word nie. Die swembad is met groot fanfare geopen.

Dieselfde jaar begin ek met vioollesse by een van die musiekonderwyseresse by ons skool. Een keer per week. Aanvanklik kon ek net wêêêêêêêt uit die viool kry, maar juffrou het my geleer om darem ’n paar deuntjies daarop uittokkel.

Ek word ook sommer genooi om saam met die skool se simfonieorkes op te tree. Hulle beplan ’n Kerssangaand buite op die lowergroen grasperk, onder die bome.

Ek sê beleefd dankie, maar nee dankie, ek gaan nie so gou al my naam pôpô maak om myself in ’n simfonieorkes te begewe nie. Maar ons kom Kersliedere sing.

My skoonma en my man se skoonma woon in dieselfde ouetehuis. Ons nooi hulle uit. My skoonma wil weet waar dit gehou word? My die Engelse Meisieskool. Ja, sê sy, die Afrikaanse Meisieskool hou ook altyd ’n Kerssangaand. Ek byt op my tong.

Ek maak die heerlikste vingerkossies wat ons in ’n mandjie pak, elkeen kry ’n koue koeldrank. Ons pak die opvoustoele in, en ons is amper gereed.

Ons gaan haal die twee ma’s, wat reeds met kieries loop.

By die skool aangekom, kies ons ’n lekker sawwe sitplek en ek en goeie man sprei die piekniekkombers oop. Die twee ma’s sit op die opvoustoele. Die dogters deel die pamflette uit en elkeen kry ’n kersie in ’n blakertjie. Ja, sê my skoonma, die Afrikaanse Meisieskool het ook altyd kersies uitgedeel.

Toe die son begin sak, pak ons die eetgoed uit en steek die kerse aan. Die simfonieorkes begelei ons in die opelug en ons sing “O, come all ye faithful” en “Joy to the World”, en nog klomp ander liedere wat ek al van vergeet het.

Ons sluit af met “Silent Night, Holy Night”. Daar daal ’n gewyde stilte oor ons neer.

Ons geniet die stilte en dink terug aan daardie aand, jare gelede, in Bethlehem, toe Jesus in ’n stal gebore is.

En ewe skielik. Ja, sê my skoonma, die Afrikaanse Meisieskool het mos nou ’n FINA-grootte swembad. Kliphard sodat diegene rondom ons opkyk.

Ek begin om ons eetgoed in te pak, ons staan op om die piekniekkombers op te vou en verkas kar toe.

Soms is dit gewoon net beter om niks te sê nie. Al is daar wedywering tussen verskillende skole. Hou altyd in gedagte wie jou genooi het en wie se uitnodiging jy aanvaar het. En waar jy jou tans bevind.

Ek onthou nou ewe skielik van ou Snorre, Peter de Villiers. Hy het altyd gepraat van die wag voor sy mond wat soms aan die slaap is.

Ek verstaan wat jy bedoel, broer Peter, ek verstaan.




# SLAGGATE KRY GATSLAG

Inwoners is baie dankbaar dat Piercestraat en die oostelike brugoorgang na die Vegkopwoonbuurt weer rybaar is. Dit is alles te danke aan die spanwerk tussen inwoners en die amptenare van die Ngwathe Munisipaliteit.

Eintlik is die bal eers behoorlik aan die rol gesit toe die Heilbron BoereTreat 'n donasie van R20 000 aan die projek gemaak het. Dít is grootliks aangewend vir arbeid om met die herstelwerk te kon begin.

Ngwathe het teer beskikbaar gehad vir die herstel van paaie, maar nie arbeiders nie omdat die munisipaliteit net van tydelike arbeiders gebruik maak. Die kontraktyd vir dié werkers is egter lank terug reeds verstreke.

Ná onderhandelings met die munisipaliteit is daar uiteindelik ingestem dat die gate met die hulp van hul masjinerie en personeel herstel kon word.

John Watson het die projek namens die gemeenskap gekoördineer. Die VKB-handelstak en Jackie Leonard (jr.) se vragmotors is beskikbaar gestel om sakkies teer daagliks van die bergingstoor na die projekterrein aan te ry.

Om die slaggate egter ordentlik reg te maak, moet emulsie saam met die sakkies teer gebruik word. Daar was nie genoeg vir die projek nie. AfriForum se Heilbrontak het reeds vroeër vanjaar emulsie aangekoop en dit vir die projek beskikbaar gestel. Die koste van die arbeiders het egter meer as R20 000 beloop en verskeie ondernemings het hand in die sak gesteek om nog bydraes te maak. Ten einde laas is die projek met groot welslae voltooi. Tampies Swart het ook saam met 'n werkspan gedeeltes van Peircestraat en die suidelike ingang na die dorp reggemaak. Die toegekende teer vir Heilbron-dorp is nou alles gebruik en 'n versoek is reeds aan die munisipaliteit gerig om nog teer beskikbaar te stel. Die volgende instansies en persone het dit moontlik gemaak om die slaggate 'n gatslag toe te dien: Heilbron BoereTreat, AfriForum, Tampies Swart, RSA Grain Storage Solitions, Sanjo’s, Roos Meubels, Heilbron Herald, VKB Handel Heilbron, Jackie Leonard en Carien Leeb.




SEDGARS
OPENING SPECIAL
OUTDOOR WEAR
KITCHENWARE
JEANS WEAR
SNIPER
LESS 25%
LESS 25%
VIALLI
LESS 25%
JEWELRY & WATCHES
SUNGLASSES
FRAGRENCES
LESS 25%
LESS 25%
Dior
BOSS
UP TO 20% OFF!
LUGGAGE
SCHOOL WEAR
SPORTS WEAR
UP TO 25% OFF
LESS 25%
LESS 25%
SHOP ONLINE
www.sedgars.com
2 LEEUWENHOEK
STREET
VEREENIGING
OPPOSITE CTM
016 422 3804

# REITZ LEERDERS HELP IN NOOD



Leerders van die Hoërskool Reitz het hande met die Reitz-Wes NG-kerk gevat om ongeveer 113 huisgesinne in Carnarvon en Vanwyksvlei te help. Dit was deel van hul droogtehulpprojek. Die leerders het saam met Reitz-Wes kos, klere en kontant ingesamel. 'n Span verteenwoordigers het toe die lang pad aangedurf om die pakkies persoonlik by verskillende aflaaipunte te gaan aflewer. Alles is aan boere in nood geskenk.

Ná die dag se harde werk het die almal 'n goeie nagrus in gekry en weer die pad terug aangedurf. 47 pakkies is by Vanwyksvlei afgegee. Mnr. Wynand Jacobs, adjunkhoof van die Hoërskool Reitz, vertel dat dit 'n eer was om by die projek betrokke te kon wees. Hy het bygevoeg by dat Burre Burger, hoof van die droogtehulp-Suid-Afrika-projek, 'n fantastiese span het en dat hulle verskeie goeie mense ontmoet het. Hy het egter ook vertel dat hul baie swaarkry gesien het. Die skool was die enigste skool wat aan die projek deelgeneem het, maar hulle nooi ander skole uit om ook by die droogtehulpprojek betrokke te raak.

Foto's: DG Photography.





# MATRIEKKOMITEE VAN 2023

## Bronnies is slaggereed



*Die Hoërskool Heilbron se matriekkomitee (MK) van 2023 het onlangs die ATKV-leiers-simposium te Buffelspoort bygewoon. Die span is slaggereed en gemotiveerd om die beste leiers vir 2023 te wees.*






# LIGGIES VERFRAAI DAGSORG




*Met Kersfees om die draai het Annemarie Hayward, eienaar van die Bronnies Dagsorg, besluit om die skool ekstra spesiaal te maak vir al die pienkvoete in haar sorg. Sy het die skool verhelder deur mooi liggies op te hang. Sy nooi die gemeenskap uit om hul kleinspan saans te kom wys hoe mooi die skool versier is.*





SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HEILBRON WE RISE

Pageantry has always been a way of empowering young females and males but definitely not in small towns like Heilbron. There has always been a gap when it comes to celebrating the youth.

Young community individuals, Potso Moloi, Precious Tlaleng Mlaba and Thato Benedict Matekane saw it fit that never mind how small this town is, it still is rooted with young talented males and females and also members of the LGBTQI+ community who would still love to explore their interests in the world of pageantry. With very little they had and sponsors unfortunately declining them, they still managed to pull off an incredible event. This year`s event marks their second annual crowning of Mr and Miss Heilbron and also Mr and Miss LGBTQI+. And without a doubt the whole of Heilbron must impatiently be waiting for their 3rd annual event after the showstopper they pulled.



*Names (left to right): Thato Benedict Matekane, Precious Tlaleng Mlaba, Katleho Mabuya, Tshepang Melato, Malefu Khambule, Rorisang Monyai, Mia Mazibuko, Chandre Xaba, Moloi Potso, Tshediso Mthembu, Refiloe Mapane.*

# WÊRELD-VIGSDAG IS GEVIER




Die Heilbron Kliniek het op 1 Desember Wêreld-Vigsdag gevier deur voorligtingspamflette en veilige seksgebruikmiddels aan die gemeenskap uit te deel. Die doel van die inisiatief was om bewusmaking oor MIV/Vigs onder die gemeenskap te kweek. Riglyne oor hoe om 'n gesonde leefstyl te handhaaf is ook met die gemeenskap gedeel.

# YOUNGSTERS CELEBRATE WORLD AIDS DAY



*Qalang Botjha is a Non-profit organization who strives to eradicate substance abuse and gender based violence under young boys and girls.*
*On 3 December Ntong Micheal, organiser of Qalang Botjha, along with several other pupils, held a fun walk to show their support towards World AIDS Day. The streets were filled with scholars singing and dancing to the beat of their own drums.*



# PITSTOP VIR JESUS BESOEK HUIS BRON-VAN-HEIL

*Pitstop vir Jesus het Saterdag, 3 Desember, 'n besoek aan Huis-Bron-van-Heil gebring.*
*Marie Bosman het 'n pragtige preek aan die inwoners oorgedra wat onder meer oor verhoudings gegaan het.*
*Daarna het ARC en Act 29 die dak behoorlik gelig met 'n paar liedjies.*
*Kersvader het ook die geleentheid bygewoon en aan al die inwoners 'n heerlike pakkie propvol bederfkos uitgedeel.*
*'n Groot dank is aan al die Heilbronners uitgespreek wat hul harte en beursies oopgemaak het om te help met die bederf pakkies. Pitstop, in samewerking met die borge en die gemeenskap het vir seker 'n breë glimlag op elkeen van die inwoners se gesigte gesit.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE

Notice to creditors in terms of Section 29(1) of the administration of estates Act 66 of 1965.
**ESTATE LATE**
**JACOBUS DANIËL VENTER**
**ID NR. 550725 5050 089**
**Last address:** Plot 495, Koppies, Free State, 9540
**Date of death:** 18 October 2022
**ESTATE NR. 9939/2022 (BLOEMFONTEIN)**
Creditors and debtors in the above estate are hereby called upon to submit their claims and to pay their debts within 30 (Thirty) days as from date of publication hereof.
**AUTHORISED AGENT**
**V VENTER**
**PLOT 495, KOPPIES**
**FREE STATE, 9540**
**E-MAIL: kantriwoemin@gmail.com**
**TEL: 072 284 4212**






## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **MOKUBUNG**
First names: **RANTEBALENG DAVID**
Estate number: **2490/2022**
Identity/passport number: **730816 5483 082**
Date of death: **11/08/2021**
Last address: **4708 Phiritona, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 9 December 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
Amanda Anne Schutte
40 Church Street, Heilbron, 9650
**ADVERTISER NAME:**
CORNELIUS & PARTNERS INC
**ADVERTISER ADDRESS:**
P.O. BOX 205/591
HEILBRON, 9650
**ADVERTISER E-MAIL:**
aktesb@corven.co.za
**ADVERTISER TELEPHONE:**
058 852 2035
**REFERENCE:**
AA SCHUTTE
**DATE SUBMITTED:** 2022/11/28
**FOR PUBLIATION ON:**
2022/12/09


BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R



AVAILABLE IN STORE
Bring your schoollist and get the stationary for 2023 as easy as 1, 2, 3!
Contact us for more info:
heraldoffice@heilbron.co.za
058 852 3033
Or visit us at
44 Elsstreet, Heilbron

**POSTNET HEILBRON**
BESIGHEIDSURE:
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
ELSSTRAAT 42 | HEILBRON
TEL: 058 853 0006


ONS EERSTE KOERANT VIR 2023 IS VRYDAG 13 JANUARIE 2023

## Kersfees

V G L B S P Q J C C U H L H S T R V F D W G B L
D Y S U D C Y K Z T A N I N E G K U V Q C V K I
C M P X O G M Z T D Z H B V I B N A M U E E N S
K N S L M D X N D X O A A L G I X D W F Z U Q G
B A Z U F M E I U F Z M G W G Y J T S J A A E Q
K M Q N F M W Y F U G E Y D I C C L B S Z M M Q
F K O E A I W E U U Y R Q S L N E X N E M Q K C
V D L N N S H D E V F U N D S E X A U E E U M K
V T R G L E G N E N D V C K R I R A R B G H B O
U O M Q P H B X W T D J F X E K O B F R Y D W G
H C A G Y K K Y K K Z M C H K F R T Q Z L P H L
D K B R O S E Z E O E L V Q K O F H O Q U Q H Z
L Q F B D P R R B L K K C O O L O N O M L R W N
N B K C G I S R P T R I D D O R E J Y O G E A S
H A I H F V B O G K W R H T P E Z E Z N A K F D
T X Z N A J O M V I S U P S U O K S R E K Q J R
M P G D G E O Q Z P I E S F Q D R P T L F G C W
Y P E D N N M S B S U K C H P N E B G Q I M T V
R R Y V W V T R C P G W T P C C M W G W J W Y F
O H S Z J V N E Z K K E A C G O B S I R P N T K
E I U W P A O K U M S E G E S K E N K O R P E Y
Y M H J O M W W Y O T V I E J R P Y U G B S A R
Y H T E X S G N I R E I S R E V J X J E M J N G
Q P U H A F U Q P O H O S S I J P R B K X Y K Z

slee
kersliggies
ornament
versierings
kersvader
kers
gemmerbroodhuis
krans
kersboom
engel
kerskous
takbok
sneeuman
geskenk

Indien u enige nuus het vir die koerant of wil adverteer in die Heilbron Herald kontak HENDIE LÖTTER by Tel: 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za





**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R





**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

Herald

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

ELSSTRAAT 44 • HEILBRON

Office National





**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
**· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
**· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
**· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**



Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# SMALLS

## EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033


## TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# JAAR SLUIT MET UITDAAGBEKER AF



*NUWE BESTUUR: Die Heilbron Gholfklub se bestuur vir 2023 is van links: Adriaan Smit, RJ Muller, Pieter van Staden, Eben Stander, Gerrie Muller, Jackie Leonard en Zacharia Moholo.*

Die Heilbron Gholfklub sluit vanjaar se kompetisies met die jaarlikse President/Kaptein-uitdaagbeker af. Spelers wat tydens die dag speel, word in spanne gedeel en die span met die meeste punte stap met 'n foto en die trofee huis toe. Daar gaan ook 'n halfweg-ete wees en braaipakke vir die wat ná die dag se spel wil braai, óf dalk net vir Mamma met 'n braaipakkie wil verras.

Die jaarvergadering het Maandag plaasgevind en die bestuur vir 2023 is as volg gekies: Gerrie Muller (president), Jackie Leonard (visepresident), Eben Stander (kaptein), Zacharia Moholo (visekaptein), Pieter van Staden (tesourier) en RJ Muller, Adriaan Smit en Willem Loots as addisionele lede.

Verlede Saterdag se HBA-maandbeker is deur John Watson, met ŉ netto-telling van 73 houe, gewen. Ruan Minnie het tweede gekom met 74 punte en Jackie Leonard, kort op sy hakke in die derde plek ook met 74 punte.

Inskrywings vir môre se spel vind vanaf 10:00 plaas om teen 10:30 af te slaan.



*Jackie Leonard en John Watson.*

Ons laaste koerant vir 2022 is volgende week die 15de Desember 2022.

Ons eerste uitgawe vir 2023 is 13 Januarie 2023.










BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 12 DESEMBER 2022
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

DINSDAG - 13 DESEMBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169
LUNEBURG Kwartaallikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 14 DESEMBER 2022
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
STANDERTON Maandelikse Varke veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WINBURG Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DONDERDAG - 15 DESEMBER 2022
FRANKFORT Vetvee veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Kersveiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Jaarlikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

